




Polisie-sketse is saamgestel van twee van die vier verdagtes in die veediefstal en -voertuig saak van 20 Februarie 2019, lees volledige berig op bladsy 3. Van links: Verdagte 1 en Verdagte 2.

Veediewe word steeds gesoek

Na maand word vragmotorkapers nóg gesoek

Laat reën goud werd

Reën word die nameek voorspel

Haal solank die sambrele en stewels uit, daar word reën voorspel! Hierdie goeie nuus raak veral boere wat laat graan en soja's geplant het.

Graanprodusente wat eers laat in die seisoen kon plant, vanweë droogte, is veral nou bang vir ryp.

“Weermodelle dui tans aan dat goeie reën gedurende April oor groot gedeeltes van Suid-Afrika kan voorkom”, se mnr Johan van den Berg, klimatoloog by Santam Landbou. “Vooruitsigte vir 20mm tot 50mm of selfs meer lyk redelik goed oor groot gedeeltes van die land van begin April af, maar veral in die tweede en derde week van dié maand”.

Volgens modelle wat tropiese vog oor Namibië aandui, verhoog dit die kans op reën in die Vrystaat sowel as groot gedeeltes van die land. Hierdie reënval is veral baie belangrik vir die laat somergraanoes wat nog in die groeisyklus is. Dié reën kan ook die droogteskade verminder.

Volgens berigte sal ryp eers teen die einde April voorkom as gevolg van die verwagte reën. Maar moenie te gerus wees nie, die laer maksimum en minimum temperature kan moontlik die gewasse se groei vertraag.

Veeboere kan dan ook uitsien na goeie groei van winterweiding voor die ergste koue tref.

Heilbron-legende sterf

Die Heilbron legende, Albert Bezuidenhout meer bekend as AD, het sy stryd teen kanker op 2 April 2019 verloor. AD (56) is op 13 Januarie 2019 in die hospitaal opgeneem, waarna hy met kanker gediagnoseer was. Hy was in die tydperk tot en met sy dood in en uit die hospitaal gegaan.

AD is gebore in Virginia en het later skool gegaan in Heilbron. Hy was jare lank 'n koshuisseun en het aan Hoërskool Willem Pretorius matrikuleer. Na skool het hy soos enige ander jongman in daardie tyd weermag toe gegaan. Hy het daarna aangesluit by sy pa in die konstruksiebedryf.

AD en sy broer, André Bezuidenhout het nou saamgewerk in die familiebesigheid, A Bezuidenhout Konstruksie. Die twee broers het oorgeneem nadat hul pa afgetree het. AD was al die jare werksaam by Bezuidenhout Konstruksie en word as baie slim en hardwerkend beskryf. “Hy het 'n goeie hart



gehad,” noem sy skoonsuster.

AD se diens vind vandag om 11:00 plaas vanuit die NG Moedergemeente. Ds Braam van Zyl sal die diens waarneem. AD laat na een dogter en vier seuns, sy ma, twee broers en die res van die familie en vriende. Hy het diep spore in Heilbron getrap en sal nooit vergeet word nie.

MISDAADverslag

VEEDIEFSTAL: Arrestasies het verlede week gelei tot gevangenisstraf vir veediewe. Johannes Chaka is 12 maande gevangenisstraf opgelê. Mpho Mokwena is ook 12 maande gevangenisstraf opgelê en ontvang vyf jaar opgeskortte vonnis vir die steel van kalwers van mnr Herbst op plaas Vegkop. WAARSKWUWING: Moenie kontant of

waardevolle besittings in jou motor los nie. SOEK INLIGTING: Op 29 Maart is 'n onbekende vrou sowat 5km buite Heilbron op die Sasolburgpad dood gevind. Dit blyk asof 'n motor of swaarmotorvoertuig haar gestamp het en weggery het. Indien daar inligting in die verband is, kontak die polisie om die saak verder te ondersoek.



FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING Elke Donderdag te Royal Auction Centre



**Vir kraalbesprekings en
inskrywings, skakel:**
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
“Waar sake **ELKE** keer die **EERSTE** keer
REG gedoen word!”

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za



Heilbronners in volle vaart

Landbouskou op die water

Heilbronners het Maandag reggestaan in Durban om op die MSC Musica te klim vir 'n week vol opwinding. Dit is 'n week saam met die land se suksesvolste boere, uitstallings oor die nuutste innovasies, hulpmiddels en toerusting. Top kunstenaars

en vermaak is ook saam op die skip, onder andere Andries Vermeulen, Touch of Class en Bok van Blerk. Voorleggings word aangebied deur wêreldklas-sprekers en landboukundiges. Lees volgende week oor hulle ervarings op die skip.



Van die Heilbronners, meeste van Hoogte Boerevereniging, op seil-safari aan boord die MSC Musica van 1-5 April.

Oom Tom gesels op OFM

Wie is die oudste werkende persoon in Suid-Afrika? OFM wou weet, en het gesels met die alombekende Tom Watson (85). Oom Tom noem aan hulle dat 'n man wat stilsit nie lank lewe nie, sy kop moet werk en hy moet al die uitdagings van die lewe aanpak. Dit is waarom oom Tom boer, want 'n boerdery is 'n uitdaging. Volledige gesprek op OFM se webtuiste.



Outisme - wat jy moet weet

• Heilbron Kliniek

Gevalle van outisme neem wêreldwyd toe. Tog is die simptome van dié toestand soms so vaag dat ouers en selfs medici nie altyd verstaan wat 'n kind makeer nie. Boonop is daar 'n groot gebrek aan opleiding asook onkunde wat outisme betref, wat dikwels verhinder dat dit reg gediagnoseer en behandel word. 2 April is Wêreld Outismedag. Hier is inligting wat ouers behoort te weet.

Outisme is 'n neurobiologiese ontwikkelingssteuring wat hoofsaaklik deur sosiale, kommunikasie- en gedragsprobleme gekenmerk word.

Op sosiale vlak weet kinders met outisme nie hoe om met ander te verkeer nie. Hulle speel selde met ander en hou hulself liewer eenkant besig met herhalende, soms eienaardige gedrag. Hulle kan ook nie ander se emosies en liggaamstaal verstaan nie en tree dikwels onvanpas op. Sowat 40% van outistiese kinders gebruik nooit woorde vir kommunikasie nie, of hulle manier van praat is eienaardig en herhalend. Baie verkies ook gebare, eerder as woorde, om te kommunikeer.

Wat gedrag betref kan outistiese kinders heeltemal obsessief raak oor 'n onderwerp of voorwerp, of hulle haak vas by 'n spesifieke ritueel. Soms voer hulle herhalende bewegings uit, soos om heen en weer te wieg, en hulle kan veral sensitief wees vir sekere klanke, reuke, teksture en selfs aanraking.

Om die situasie meer verwarrend te maak, is die term "outisme" omvattend vir vyf verskillende toestande wat in die outismespektrum val. Dit is:

• **Outistiese versteuring:** Die klassieke vorm van outisme waar kinders meestal in hul eie wêreld leef en nie eintlik op die buite-

wêreld reageer nie.

• **Aspergersindroom:** Lyers het 'n gemiddelde of bogemiddelde intelligensie en hul taalontwikkeling is gewoonlik uitstekend, dus kom baie ouers nie dadelik agter iets is verkeerd nie.

• **Rett-versteuring:** Byna net meisies ly aan hierdie seldsame toestand. Hulle sukkel om te kommunikeer, het eienaardige handbewegings, groei stadig, loop moeilik, en hul koördinasie is swak.

• **Kinder-disintegrasie-versteuring:** Kinders ontwikkel normaal tot op die ouderdom van twee of drie, en begin dan agteruitgaan. Hierdie seldsame vorm van outisme gaan soms met epilepsie gepaard.

• **Omvattende ontwikkelingsversteuring:** Dit sluit kinders in wat sommige maar nie al die simptome van outisme toon nie en is op baie kinders van toepassing.

Alles van besoedeling en dieet, tot die MMR-inenting teen masels. Duitse masels en pampoentjies is al as oorsake van outisme ondersoek, maar die oorsaak bly onbekend. Wat kenners wel weet, is dat outisme 'n lewenslange toestand is en teoreties nooit genees kan word nie.

Gevaartekens

Indien 'n kind - veral tussen die ouderdom van twee tot vyf - buitengewone kombinasie van die volgende eienskappe of gedragspatrone toon, moet dit met 'n spesialis bespreek word.

- Geen gesigsuitdrukings en/of eentonige stemtoon.
- Ontwikkeling van spraak stadig, of praat glad nie.
- Reageer nie as jy met hom praat nie, lyk doof.

OPE HENGELKOMPETISIE NO 3

HOËRSKOOL HEILBRON
SATERDAG 13 APRIL 2019
KOPPIESDAM A, B EN C ZONE
TYD 06:30 VIR 08:00 TOT 13:00

Inskrywingsgeld: R 200 Volwassenes en R 100 Kinders (14 jaar en jonger), 2 per pen

PRYSE

GROOTSTE KARP:	R 1500 en 1 Skaap Volwassenes en R 500 Kinders
GROOTSTE BABER:	R 1000 en 1/2 Skaap Volwassenes en R 500 Kinders
GROOTSTE MODDERVIS:	R 500 en 1/2 Skaap Volwassenes en R 500 Kinders

TROOSPRYSE: ELKE DEELNEEMER KRY EEN

Daar sal lekker Worsbroodjies, Jajels, Sosaties en Yskoue Koeldranke te koop aangebied word ... *Los jou peanutbutter toebroodjies by die huis!*
U ondersteuning hierin word hoog op prys gestel!!!!

Robbie 082 543 7318 en Ian 083 288 1948

Gemeenskap voel gekul

Onstoke gemeenskapslede en lede van naby geleë dorpe het Dinsdag, 2 April, net genoeg gehad. Hulle het bymekaar gekom om die saak te probeer benader en uitsluitel te kan kry oor hulle geld. “Neofin Cash Loans het ons bedrieg”, laat hoor 'n onstelde lid. 'n Probleem wat in Januarie al ontstaan het, is nou nog nie opgelos nie. Volgens die lede blyk dit dat hul SASSA gelde in Neofin se rekening inbetaal word. Kliënte wat reeds al hul skulde afbetaal het, sien nie 'n sent van hul SASSA gelde nie. “Ek weet nie hoe die eienaar dit reggekry het om ons SASSA gelde te kan kry nie, ek skuld hom dan niks”, noem nog 'n lid wat van Frankfort af moes reis om te kom smee vir haar SASSA geld. Volgens van die lede het hul lankal hul skulde aan Neofin afbetaal, maar steeds word hul geld daar inbetaal. Teen

Donderdag het gemeenskapslede nog steeds buite die gebou rondgestaan, gewag op antwoorde en hulle geld. “Ek weet nie eers of ek my geld gaan terugkry nie, moet maar wag en kyk.” Die lede het 'n saak gemaak by die polisie. Welkom handelstak is besig om die saak te ondersoek. Nog geen arrestasies is gemaak nie.



Gemeenskapslede stel hul standpunt voor Neofin Cash Loans in Elsstraat.

- Maak min of geen oogkontak.
- Verkies om op sy eie te speel.
- Swak verbeelding, sukkel om self met verbeeldingspeletjies te vermaak.
- Ingestel op fyn detail.
- Obsessiewe, herhalende gedrag, byvoorbeeld maak deure aanhoudend oop en toe.
- Eienaardige gedrag, byvoorbeeld wieg heen en weer.
- Gedrag waarmee hy homself kan beseer, byvoorbeeld kopstamp, byt, krap.
- Kan nie by vreemde roetine of rituele inskakel nie.
- Hou nie van fisieke aanraking nie.
- Baie sensitief vir klank of sensoriese prikkels, soos harde geluide, growwe materiale of helder ligte.

Die diagnose: Die werklikheid is dat diagnose van dié toestand 'n gesin se lewe ingrypend verander, en dat dit hoë eise stel aan ouers ten opsigte van tyd en geld. Boonop is die simptome van outisme so wyd - en elke lyer se behoeftes so uniek - dat daar nie een enkele oplossing vir almal is nie.

Gelukkig ontdek navorsers elke dag meer oor hoe presies outistiese breine werk en kenners - veral dokters, terapeute en onderwysers - spits hulle toenemend daarop toe om meer van die toestand te leer. Dus hoef 'n diagnose van outisme nie 'n hopelose situasie te wees nie. Terapie, die regte opvoedkundige omgewing en professionele ondersteuning kan 'n reuse verskil in die lewens van outistiese kinders én hulle ouers maak.

Briewe aan: Redakteur

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell gerig aan die redakteur.
Ps. 56:3 "Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U." Jy kan die deur, na môre, aan twee handvatsels vasgryp - aan die handvat van vrees, of aan die handvat van vertroue. Jy moet self besluit aan watter een jy wil vashou.

- Anoniem

Al jou gespook en gespartel sal jou nie verander nie - ook nie frustrasie of bekom-

mernis nie. As die doek onder die kunstenaar se kwas gespartel het, sou die skildery nooit klaar kom nie. Die doek is stil, heeltemal oorgegee, aan die kunstenaar se wysheid en kreatiwiteit. Dit is presies hoe ons met God moet wees. Stil en oorgegee, onder die Hand van die Groot Kunstenaar. (Geneem uit die kerkblaadje, Lewenderotse, van Petrus Steyn. 29 Augustus 2010.)

- Joyce Meyer

Polisie op veediewe se spoor

Meer inligting nou beskikbaar oor verdagtes

Heilbron Herald het op 1 Maart berig oor 'n voorval wat op 20 Februarie plaasgevind het op die Heilbron-Frankfortpad. 'n Swaarmotorvoertuig, met 'n wa en 30 beeste op is van die pad afgetrek en tot stilstand gebring.

Die drywer van die swaarvoertuig is met 'n vuurwapen aangehou en op 'n bakkie onder 'n seil ingedwing. Die drywer is later die middag naby Groenpunt gevangenis afgelaai waarna hy hulp ontbied het. Die swaarmotorvoertuig (FRT621FS), tesame met die wa (FYG094FS) en 30 swart Drakensberger

beeste is steeds op soek. Die beeste is gebrandmerk met die Omega teken en het blou oorplaatjies.

Na leidrade en addisionele inligting opgevolg is, word daar beweer dat vier verdagtes betrokke was met 'n wit Ford Ranger bakkie. Vermoedelik is twee van die verdagtes vort met die swaarvoertuig en die ander twee agterna met die bakkie en die drywer onder 'n seil. Die polisie vermoed dat die verdagtes Zulu-sprekend is en aggresief kan voorkom.

Twee verdagtes word as volg beskryf, ver-

dagte 1: 'n Manlike verdagte tussen die ouderdom van 30 en 35. Hy is 1.7m lank en is slank gebou. Sy haarkleur is donker en hy is in besit van 'n swart pistool. Verdagte 2: ook 'n manlike verdagte tussen die ouderdom van 25 en 30. Hy is 1.5m lank en is sterk gebou. Hy is in besit van 'n silwer rewolwer. Indien die verdagtes uitgeken kan word of meer inligting rondom die saak beskikbaar is, skakel vir Adjutant Kruger by 071 375 7665 of die kantoor by 058 853 5236.

Daar word 'n beloning aangebied deur die Veediefstaleenheid in hierdie verband.



Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur 'n e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033. E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za Spertyd: Woensdae 10:00.

Herald

Office National

Office or Home Office, a desk for all your needs!

Desk 1200 x 600, 32mm Top White Carcas | Colour Top Mobile Economy Pedestal with 1 X Drawer and Open Filing Space

WHITE CARCAS - COLOUR DRAWER FRONT

R2250 incl. VAT
Valid till the 30th April

Available in: Vancouver Maple, Storm Grey, Verzasca Oak, Monument Oak, Harvard Cherry, Natural Oak, American Walnut
44 Els Street, Heilbron, 9650
Tel: 058 852 3033 | E-Mail: heraldoffice@heilbron.co.za

Excluding Delivery and installation

#INOURLNAME

#INOURLNAME is a movement that comprise of males only from Heilbron. Their objective is to fight social illness and also lend a hand where it is possible.

The members comes from different sectors (politics, business, civil servants, etc).

This is a brain child of mr Eric Mthimkulu, the manager of Thusong Service Centre. The project manager is mr Sabata Ngake.

Since the inception the movement distributed sanitary towels to all Phiritona and Sandersville Schools, during that project they also spread the message to schoolboys and teachers to stop abusing girls and strongly condemn any form of abuse within schools premises and in the community at large.

In some of the projects that they did they intervened in two destitute families by donating vegetables, money for burial and other cooking necessities.

Recently they assisted three kids who did not have birth certificates and their mother did not have Identity Documents.



The #INOURLNAME movement are proud in the direct role they play to make sure that each of this family members get their documents to be able to apply for social grant from SASSA.

They are also making a plea to good Samaritans out there to come and join forces with them in trying to improve peoples lives. Anyone who want to join, is more than welcome as long as he/she comes with the spirit of contributing to social upliftment. They have other programs in the pipeline that are to believed to change lives for the better.

Waarskuwing uitgereik

Departement van arbeid nuutste slagoffer

Belangrike waarskuwing is onlangs deur die Departement van Arbeid uitgereik om die publiek te waarsku om versigtig te wees en op hoogte te bly van 'n bedrogspul wat kop uitgesteek het. Dit lui dat werkers wat werksaam was tussen 1990 en 2019 die reg het om finansiële voordele by die Departement te kry. Dit is onwaar. Die skelms maak gebruik van sosiale media platforms om die lede van die publiek uit te lok. "The workers who worked between 1990 and 2019, have the rights to get the benefits of R30.000 by Department of Labour of South Africa", lees die berigte wat die rondte doen. Die skelms het intussen 'n aanlyn-skakel geskep waarin die publiek genooi word om die sogenaamde voordele te onttrek nadat 'n stel vrae beantwoord moet word om vas te stel of hulle wel kwalifiseer. Die Departement van Arbeid waarsku die lede wat twyfel, om die Departement van Arbeid Provinsiale Kantore of Arbeidsentrums te besoek om inligting te verkry. Lede van die publiek moet ook onder

geen omstandighede hulle persoonlike inligting op sosiale media platforms deel nie. Die publiek word ook aangemoedig om sulke kriminele dade aan die SAPD te rapporteer of aan te gee by 086 0022 194 of via e-pos fraud@labour.gov.za.

Vaalkrans, Vrystaat Macnab gasheer

Die Tradisionele Suid-Afrikaanse Macnab is 'n jagkompetisie waar jagters teen mekaar maar ook teen hulself meeding om op een dag, tussen sonsopkoms en son-onder die Macnab-uitdaging te voltooi.

Dit behels die jag van 'n bok, die skiet van 'n voël in vlug en die vang van 'n vis. Die tipe bok, voël of vis wissel van streek tot streek en verander gewoonlik soos toepaslik. Sommige Macnabs vereis dat die "vlieg" van die vlieg-hengel moet bestaan uit 'n klossie hare van die bok en 'n veer van die voël, wat dit bietjie moeiliker maak.

Die uitdaging is oorspronklik afkomstig van die storie van John Macnab, in 1925 geskryf deur John Buchan. Dit handel oor drie lede van Londen, 'n bankier, 'n kabinetsminister en 'n oud prokureur-generaal. Die drie mans was dood verveeld, dis toe dat hulle besluit het op 'n uitdaging wat bietjie gevaarlik is en kan bydra tot opwindning in hul lewens.

Alhoewel vandag se kompetisie bietjie afwyk van die oorspronklike uitdaging, bly dit 'n lekker manier vir vriende om te vergelyk wie se voëls, visse en horings is die grootste. Op 26-28 Julie vind die Vrystaatse been van die NextHunt 2019 Macnab Reeks plaas

te Vaalkrans Wildsplas, buite Heilbron. Die wenner van die Heilbron Macnab sal deurdring na die finaal wat op 20-22 September te Arendshoek in Bethlehem gehou sal word.

HEILBRON VEILING GPS: S27°17.35' E27°57.35'

RIEMLAND SAVM TELERSGROEP
WOENSDAG · 10 APRIL 2019 · 11:00
te Heilbron Gholfklub
Onder beskerming van die SAVM Telersgenootskap

A	1 BEPROEFDE STOETRAM.
A	40 STOETRAMME (alle ramme deel van meerlinge & vrugbaar getoets)
N	200 JONG OITJES (oop; gereed vir ram)
B	100 JONG OOIE (dragtig gesinkroniseer Mei)
O	100 OOIE (volbek, dragtig gesinkroniseer Mei)
D	20 STOETOIE (gesinkroniseer & 2-ling dragtig)

TELERS
Faans Pretorius 083 232 9627 (Ramme)
Jan van Vuuren 083 235 6599 (Ramme)

Roan van Vuuren 082 557 3440 (Ramme & stoetlooi)
Jacques (L & T) JV Rensburg 082 626 3215 (Ooie)

Koos Engelbrecht -
082 383 2277 (Jong ooie)

NAVRAE: Piet Boshoff 082 210 7135. Afslaer: Jan Mostert 083 306 8408. Danie de Wet 082 772 4537 (Skaap- & Wolbeempte). BKB Louw, FRANKFORT: 058 813 1071. Vir volledige besonderhede, katalogus en voorwaardes besoek gerus ons webtuiste: www.bkb.co.za

Bootreis (*Deel 3*)

JULLE ONTHOU MOS NOG VAN CHRIS EN PENNY? Die twee eetgenote wat saam met ons op die bootreis was en wie ons gewen het as ons tafelmaats.

Penny vra wat ons die volgende dag gaan doen. Ons vertel haar dat ons rondom die Portugese Eiland gaan stap. Ek sien sy kyk ons skepties aan.

Wat gaan julle doen, wil ons weet?

Hulle gaan vir 'n massering.

Ja, natuurlik. Dis hoekom hulle gaan vir 'n massering: omdat hulle dit sekerlik nie in hulle tuisdorp kan laat doen nie. Ons gaan rondom die eiland stap want ons kan masserings in ons tuisdorp kry, wou ek byvoeg. **GELUKKIG BLY EK EWE WYS STIL. DIT HET WELISWAAR AL MY WILSKRAG GEBRUIK.**

Ons is vroeg die volgende oggend uit die vere. Heerlike onthby. Dit is die tweede oggend in 'n ry wat ek salm vir brekfis kan kry. Ek is somer lus en lek my vingers af. Nog 'n wyse besluit.

Die een egpaar aan ons onthbyttafel kom van 'n dorp in NW. Ons kom agter dat die man mense en plekke in my grootworddorp en ons vorige dorp ken. Ons gesels terwyl hy die kelner opkommandeer om vir hom te gaan opskop by die buffet-brekfis. Hy eet die helfte van sy kos. Sy vroujie eet niks, teug net aan haar tee.

Ons praat oor die mense wie hy ken en wie ek ken en ruil 'n paar staaltjies uit. Hy bestel vir hom ook salm. Hy eet die helfte daarvan op.

Ons vertel wat ons gister gedoen het. Hy vertel van die *suspension* van die skip wat nie lekker is nie, dit is hoekom dit so wieg. En die sikloon is laaankal verby. Dit kan nie die sikloon wees nie. Hy bestel *eggs benedict* en eet net die helfte op.

Toe ons uiteindelik opstaan, het hy omtrent 'n derde van al die kos geëet wat aan hom voorgesit is en hy was op pad om nog te bestel. Sy vroujie teug seker nou nog aan haar tee.

Ons is weer met die tender na die Portugese Eiland. **GEWAPEN MET GOEIE SONBRANDROOM EN GENOEG WATER.** Ons begin stap. Die see is prentjiemooi. Aan hierdie kant van die eiland is dit dieper as aan die ander kant, want jy kan sien hoe kolk die water.

Ons kry omtrent vier mense langs die pad. Een tannie probeer in vrede sonbrand met haar deurtrekker en 'n posseël-grootte bikinitop. Sy voel effens gesteur toe ons daar verbystap. **SY GROET NIE EERS NIE. (SEKER NIE VAN ONS KERK SE MENSE NIE, DINK EK).** Ek neem pragtige fotos van die water en dryfhout en klein waadvoëls.

Ons sien pansy skulpe wat groter is as my handpalm. My man weier dat ek dit in ons rugsak pak. Doer ver is 'n seilbootjie wat die inboorlinge van Inhaca gebruik om te gaan visvang. Ons drink al ons water op.

Ons kry net een keer rommel langs die pad: die see het 'n dobber, gemaak van 'n paar plastiese koeldrankbottels, teen die strand uitgespoel. Ons dra dit saam om dit in die asblik te gaan gooi.

Ná 6,2 km en twee ure het ons reg rondom die eiland gestap. Ons stap moeg en uitgeput deur die inboorlinge



se stalletjies. Daar is 'n baie mooi swembroek wat aan die draad hang. Ek vra die vrou hoeveel dit kos. Sy sê ek kan vyftig rand of vyftig dollar gee. Die enigste rede hoekom ek R50 daarvoor betaal, is omdat ek nie dollars in my beursie het nie. Ons kry vir ons elkeen 'n plaaslike bier. **TEEN R25 VIR 500ML BIER IS DIT STEEDS 'N BARGAIN.**

Ons gaan soek kos en eet gulsig. Daarna is dit terug na die strand toe en ons geniet die laaste van die Portugese Eiland. Ons slenter terug na die tender en word weer deur drie fris matrose in die boot getel.

Vir die tweede keer ry ons met die hysbak. Ons het ver geloop, onthou!

Later die aand sit ons weer aan by Chris en Penny. Penny vra wat ons gedoen het, want hulle het hulle maserings baie geniet en voel somer fris en vars. Hulle het ook in die sauna gaan sit.

(Dit was baie warm op die eiland – dieselfde effek as die sauna, dink ek.)

Ek vertel dat ons rondom die eiland gestap het. Ek kan sien hoe Penny tot in haar fondasie in gril.

“Were you not scared?”

WAARVOOR, WIL EK WEET? DAAR BLY DAN NIEMAND OP DIE EILAND NIE.

“For lions!”

My mond hang oop. Regtig? Leeus?? Wat van waar af kom? Dit is 'n klein eilandjie. En net so tussen ons: waar sal die leeu kos vandaan kry? Daar is nie eers bakkies of iets nie.

Sy haal die wind uit my seile. “But you will be da food.”

Ek kan nie help om hardop te lag, en amper in my kos te stik nie.

Ons gaan die aand weer na 'n vertoning kyk, en later gaan slaap ons.

Toe ons die volgende oggend wakker word, is daar geen beduidenis van enige eiland nie. Ons is klaar op pad Durban toe. Die lekker is amper verby.

GROOT, GROOT BEDERF GEWEES. BEHALWE VIR DIE HONDERDE MENSE WAT DAAR WAS, WAS DIT BAIE LEKKER OM NIE OOR ENIGE ETE BEKOMMERD TE WEES NIE. Ons het nie eers die bed opgemaak nie!

Ek dink terug aan wat die *Cruise Director* vir ons vertel het. Hy meld dat die *hospitality* op die skip baie goed is. Want, sê hy, daar het iemand vroeër vandag aan sy deur geklop en gevra of hy gou kan kom skoonmaak. Ja, die *director*. En toe kom die man in, stort gou en loop dadelik. En ek giggel al weer by myself.

Nou ja, Chris en Penny, so kom alle goeie dinge tot 'n einde. Ons het heerlik gerus, mooi dinge gesien, spore gelos en fotos geneem. En seker drie kilogram opgetel. Maar dit was alles vir 'n goeie saak, troos ek my.

Tot dan toe: Bon voyage!

(DRIE TIPS: BESPREEK VOORAF VIR SNORKEL OF 'N UITSTAPPIE. KOOP 'N PAAR DRANK-OF ROOMYS KOOPBEWYSE VOORAF. SORG DAT CHRIS EN PENNY NIE NABY SIT NIE.)

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Sesde Lydensweek - Dag van Danksegging & Verootmoediging

Sondag: 09:30 Erediens

Kleuterkerk / Kategese

Sin Kol: Hulpfonds vir Sinodale Pensioenfonds

Gemeentetee Blok 3 / Gemeentevroue vergadering

NG SUID

Sondag: 09:30 Erediens

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens

Kol: Sending, Heilbron / Katkisasie: Les 8 / Diensbeurte: Wyk 6 & 7

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate

Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00

Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72

Sondae: 10:00 Erediens

Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug

Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.

Sesde Lydensweek

Sondag 10:00 Erediens (Heilbron)

Deurkollekte DVB / VBO Les 9

Skinkbeurt: Groep 4

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.

Almal welkom / All welcome.

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GERE. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens

18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /

Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag:** Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand

Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,

Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdiente & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00

Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of

Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00

Woensdae: 18:00 Bybelstudie

Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaai: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/ booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Dienssentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag

09:00 Kooroefening

Dinsdag

09:00 Bloeddrukke

Woensdag

09:00 Dorp toe

10:00 Voetsorg

Donderdag

10:00 Sosiale program

Vrydag

09:00 Bybelstudie

Kontakpersoon

Petro Pretorius

082 325 1322

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:

08:45 - Gimtrim

DINSDAE:

09:30 - Bloeddrukke

word geneem.

10:00 - Ledeprogram

(Elke week iets anders)

WOENSDAE:

10:00 - Speletjies,

Jukskei ensovoorts.

Elke week iets anders.

DONDERDAE:

17:00 Kooroefening

Geen byeenkomste tydens skoolvakansies



RIEMLAND MUSEUM TYE

VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

Die rus ingegeaan

Elda Lerato Shasha is oorlede in die ouderdom van 28. Haar diens vind plaas op Saterdag, 6 April te Petrus Steyn begraafplaas. Sy laat na haar verloofde, familie en vriende.

Mamosebetsi Sanna Twala is oorlede in die ouderdom van 53. Haar diens vind plaas op Saterdag, 6 April te Villiers begraafplaas. Sy

laat na haar familie en vriende.

Moleboheng Joyce Motsi is oorlede in die ouderdom van 13. Haar diens het plaasgevind op Saterdag, 23 Maart te White City begraafplaas. Sy laat na haar familie en vriende.

Nomsa Mbongo is oorlede in die ouderdom van 6. Haar

diens vind plaas op Dinsdag, 9 April. Sy laat na haar moeder, vader, boeties, susters en die res van die familie en vriende. Sy sal altyd in hul harte en gedagtes bly.

Petrus Nhlane is oorlede in die ouderdom van 78. Sy diens het plaasgevind op Saterdag, 23 Maart te begraafplaas. Hy laat na sy familie en vriende.

GEKLASSIFISEERD

Smalls

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Lizzy herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Jolandri heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Sa 6 Apr.	13 / 21	Sonnig, later gedeeltelik bewolk
So 7 Apr.	12 / 20	Bewolk, laatmiddag donderbuie
Ma 8 Apr.	12 / 20	Bewolk, laatmiddag storm
Di 9 Apr.	12 / 20	Gedeeltelik bewolk
Wo 10 Apr.	9 / 25	Gedeeltelik sonnig
Do 11 Apr.	9 / 24	Meestal sonnig
Vr 12 Apr.	12 / 25	Meestal sonnig
Sa 13 Apr.	24 / 11	Bewolk
So 14 Apr.	12 / 23	Meestal sonnig
Ma 15 Apr.	11 / 25	Gedeeltelik sonnig

KENNISGEWING

BLOEDSKENK DATUMS

HEILBRON

PLEK: N.G Kersaal (Suid)



- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019

(Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).

- 26 November 2019

DIENTE

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.

Kontak Jaco Meiring
082 851 6158
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

WE SPECIALIZE IN

- Screen Wall, Concrete, Plastering, Paving, Steel Structure, Trailers (Manufacturing & repairing), Car Port, Palisade.

"We are the solution to your problem".
Tuks Project CC
Cell: 073 763 3352 (Stephen)
E-Mail: mahlasinyanatutubala@gmail.com
K1655

HEILBRON KLINIEK

Griepsuïte binnekort beskikbaar by kliniek.

TE HUUR

HEILBRON

ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

Bespreek by Elsie Grobler 081 216 6105 of Magda Bierman 083 292 1503

WOONSTEL TE HUUR

Woonstel te huur vir enkelopende persoon. Oopplan met 2 slaap-kamers. Afdak vir motor. Prys R2 500 per maand (Water en Ligte ingesluit). Skakel Laurette Naudé 081 541 5566

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Oir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

TE KOOP



Fast, Reliable Wireless Internet Now Available!!
From R299.00 p/m

Kerk Str. 44
Heilbron
072 847 4493
info@gigittechnologies.co.za

www.gigit.co.za 086 143 3447



TUPPERWARE TE KOOP

Vir bestellings kontak
Jolandri 079 846 1075
Heilbron

SKAPE TE KOOP

Staak skaap boerdery, Dohne-Merino skape te koop. Skakel eienaar
064 950 1787

BUSTA MILLING HEILBRON

POSITION AVAILABLE

MARKETING/SALES REPRESENTATIVE

Requirements:

- Excellent communication skills.
- The position is not office bound and willingness to travel is non-negotiable.
- Matric/Grade12 and a valid driver's licence.
- Well-groomed individual.
- Ability to work well under pressure.

*Goal driven * Able to meet targets * Team player
Experience is an advantage, but not essential.*

A competitive salary is being offered and transport will be provided.

Please e-mail your CV as application to wijali.meule@gmail.com

CLOSING DATE: 30 APRIL 2019

DAMPLAAS KRAGBRON

PETRUS STEYN

DIE DIENSTE VAN 'N OUDITEURE KLERK WORD BENODIG.

Die geskikte kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Vriendelik, selfgemotiveerd en selfstandig kan optree;
- Betrokkenheid en sterk belange in Petrus Steyn.
- Betroubaar, sober, eerlike en Christelike gewoontes;
- Goeie mense/klieënte verhoudings kan handhaaf;
- Syfervaardigheid;
- Kwalifikasie Microsoft Office;
- Kwalifikasie Pastel/Sage rekenaar program.
- Ondervinding met Debiteure en Krediteure.
- CV moet vergesel word met 2 getuigskrifte.


PLIGTE:

- SARS opgawes finaliseer & indien
- Finansiële Kontrole
- Voorraadkontrole
- As administratiewe klerk op verlof/siek is moet alle pligte oorgeneem word.

Vir navrae oor die pos kan Bill Thirtle by 082 371 4378 gekontak word.
E-pos u CV na damplaaskragbron@gmail.com
SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 12 APRIL 2019 om 18H00

Kandidate wat geen terugvoering binne twee weke na sluitings datum ontvang nie, kan hul aansoek as onsukselvol beskou.

MAXIMUM WEATHER PROTECTION WITH THE HASTINGS PARKA



from R690 incl vat

BAS-2107
MENS HASTINGS PARKA
S - 4XL - 100% polyster kleding •
Weg 100% polyster kleding en la hula •
pakking 100% polyster

BAS-2108
LADIES HASTINGS PARKA
S - 4XL - 100% polyster kleding •
Weg 100% polyster kleding en la hula •
pakking 100% polyster

GET READY FOR WINTER WITH THE REGO BODYWARMER



from R397 incl vat

BAS-820
MENS REGO BODYWARMER
S - 4XL - 100% polyster kleding •
Weg 100% polyster kleding en la hula •
pakking 100% polyster

BAS-1700
LADIES REGO BODYWARMER
S - 4XL - 100% polyster kleding •
Weg 100% polyster kleding en la hula •
pakking 100% polyster

AN ULTRA STYLISH, affordable must have this winter! SOFTSHELL JACKET



from R430 incl vat

BAS-1700
LADIES SOFTSHELL JACKET
S - 4XL - 100% polyster kleding •
Weg 100% polyster kleding en la hula •
pakking 100% polyster



multiplus

Herald Office National

058 852 3033 | 44 Els Street, Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za | marketing@heilbron.co.za

Wees WhatsApp-wys

LANDBOUfokus


In 'n veiligheidstruktuur is kommunikasie baie belangrik. Dit is nodig om 'n kommunikasie-struktuur in plek te hê vir die deurgang van bevestigende inligting om landbouers oor die moontlike opkomende misdaadbedreigings te kan inlig. Die struktuur kan toelaat om raad deur te gee hoe om die bedreigings aan te spreek en om die nodige inligting deur te gee wat veiligheidsaspekte aanbetref. Daarom beveel die Vrystaat Landbou veiligheidskoördineerders van gebiedskantore aan

om kommunikasie op WhatsApp-groepe toe te pas. Deur die WhatsApp-groepe kan alle belangrike inligting deurgang word en ongemagtigde persone kan beperk word om toegang tot hierdie veiligheids-groepe te verkry. Om moontlike ongemagtigde toegang te voorkom, bevestig dat die betrokke persoon wat toegang tot die groep probeer kry se kontakbesonderhede wel aan hom behoort en dat die persoon werklik belange by die groep het.



Ken jou regte

Verkiesingsprotokol op plase



Verhoogde tariewe vir

identifikasie-sertifikate

Die nuwe verhoogde identifikasie-sertifikate tariewe vir diere het op 1 April 2019 in werking begin tree. Dit nadat Senzeni Zokwana, die minister van landbou, bosbou en visserij dit in die Staatskoerant gepubliseer het. Die registrasie van 'n diere identifikasie-sertifikaat sal R150 kos. Dit sluit 'n kopie van die registrasie, die oordrag van 'n registrasiesertifikaat tussen die eienaars en die registrasie as 'n brandmerk-operateur, in. Die volgende aansoekvorms tot betrekking hiervan is by die Heilbron Herald beskikbaar teen R5 per aansoekvorm: oordrag van registrasie van 'n identifikasie-merk, heruitreik van 'n identifikasie-merk en die registrasie van 'n identifikasie-merk.



Daar is 'n protokol wat in 2006 tussen Agri SA en die Onafhanklike Verkiesingskommissie geteken is en weer in 2014 hersien is, wat weer vir 2019 se nasionale verkiesing sal geld. Daarom is plaasprotokol van toepassing om toegang tot plase tydens die verkiesing te reguleer. Die verkiesing sal op 8 Mei 2019 in Suid-Afrika plaasvind. "Die protokol behels dat redelike toegang tot plase aan die OVK gebied word wat betref kiesersopleiding van amptenare

en die vestiging van kieslokale," lui 'n verklaring. In 2019 se verkiesing is meer as 200 politieke partye geregistreer. Die protokol noem dat partye nie vrye toegang tot werwe op plase kan verkry nie. Landbouers sal werkers na dorpe moet neem waar hulle werwing van verskeie politieke partye kan bywoon. "Plaastoeegang moet nog steeds geskied in lyn met Agri SA se protokol waar toestemming vanaf die landbouer bekom moet word om sy eiendom te betree".

Hanteer

onwettige

jagters só



Jag met honde neem toe

Daar het 'n veiligheidsrisiko-analis van Vrystaat Landbou in 'n berig gesê dat die onwettige jag met honde op landbougrond in die Vrystaat die laaste twee maande begin toeneem het. Lande wat langs treinspoore geleë is word veral geteiken. "Landbouers word versoek om waar moontlik nie alleen op te tree teenoor jagters met honde nie, omdat die oortreders dikwels vals klagtes rakende die rig van 'n vuurwapen teen die landbouer open en dit dan kan lei tot onregmatige arrestasies teenoor die landbouers deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens." Neem fotos en videos van die oortreding sodat dit as bewysstukke in die hof kan dien.

Jóú 2019 oes-inligtingsgids



Begin solank die stropers afstof - strooptyd is hier. Sommige van die plaaslike boere het reeds begin stroop. Ander boere wag vir die einde van die maand om seker te maak gewasse is droog genoeg om te kan stroop. Teen Mei sal die stof dig lê op plase. Silo's in en om die omgewing is gereed vir die eerste vrugte. Hier volg die kontakbesonderhede van silo's in die omgewing. **Frankfort** – Jean Volkschenk (silobestuurder) 058 813 1960. **Petrus Steyn** – Eben Steyn (silobestuurder) 087 358 8650.

Besigheidsure: Maandae tot Vrydae, 07:30 tot 16:30. **Heilbron** – Brood Brits (silobestuurder) 060 966 6821. **Hoogte** – Brood Brits (silobestuurder) en Schalk Marais (assistent) 060 966 6822. **Gottenburg** – Samuel Mofokeng (silobestuurder) 060 966 6819. Besigheidsure: Maandae tot Vrydae, 07:00 tot 17:00. Besigheidsure kan in die strooptyd aangepas word volgens kliënte se behoeftes. Kontak gerus u naaste silo's vir meer inligting.

Veediefstal-hulplyn

se sukses neem toe

Nuwe hulplyn in volle werking

Heilbron Herald het onlangs berig oor die nuwe veediefstal-hulplyn wat beskikbaar is. Die inisiatief het op 1 Februarie 2019 in werking getree. Die hulplyn is beskikbaar vir die aanmelding van gevalle. Dit help met die voorkoming van insidente. Die veediefstal-hulplyn is tesame met Vrystaat Landbou, die Rooivleisprodusente-organisasie en Nasionale Wolkwekersvereniging in die Vrystaat begin. In Maart 2019 kon daar 'n besliste toename in die gebruik van die hulplyn gesien word. In Februarie 2019 was daar reeds 55 hulplyn-oproepe ontvang. Veeprodusente het al hoe meer bewus geword van die nuwe hulplyn. Die hulplyn se funksionering word maandeliks deur die RPO en VL gemonitor. Raad, advies en hulp rakende misdaadtooneel-bewaring, fotos, hoe ondersoek deur speurders

aangespreek kan word en daaglikse skakeling met veediefstal-eenhede word ook deurgang. 'n Veiligheidsrisiko-analis noem dat die hulplyn se gebruik nie beperk is tot die afneem van A1-verklarings nie. "Dit het ook ten doel om die impak en omvang van veediefstal in die Vrystaat te bepaal, sodat doeltreffende misdaadvoorkomings-operasies geloods kan word. Die daarstel van volledige databasisse van sake kan gedoen word, sake kan opgevolg en gemonitor word deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) en die identifisering van misdaadsindicate of groeperinge kan gedoen word vir skakeling met die SAPD en NVG. En om doeltreffende voorkomingsmaatreëls vir veeprodusente daar te stel om uiteindelik hul eiendom te beskerm." Hulplyn-nummer: **086 199 9300**.



Dit is beskikbaar vanaf 08:00 – 13:00 (sewe dae per week). Die gebruik van die hulplyn word ook na-ure gemonitor. WhatsApp-nummer om inligting na te stuur: **079 524 5040** (slegs vir WhatsApp). Indien hulplyn-nummer beset is, kan 'n landbouer 'n WhatsApp-boodskap met sy of haar kontakbesonderhede (naam, van, plaasnaam, tel nr en foto van brandmerk-sertifikaat) stuur. Andersins kan 'n stemboodskap of e-pos met kontakbesonderhede gelos word. Die e-pos adres is vee@vslandbou.co.za.

SPORTverslag

Liga volgende naweek

Nog plek oop



Die AP kerk van Heilbron hou môre hulle jaarlikse gholfdag as deel van hulle jaarlikse fondsinsameling vir die kerk.

Die broers en susters van die gemeente werk elke jaar hand-aan-hand om die dag 'n sukses te maak en hierdie jaar sal dit ook geen uitsondering wees nie. Daar is sowat R10 000 se vleispryse op die spel en as jy goed kan korrel en 'n putjie in een speel is 'n speenkalf joune. Daar is nog plekke oop, skakel gerus die organiseerders of klub om in te skryf.

Die liga manne speel volgende naweek op Kestell, hulle hoop om voort te bou op die vorige wen.

Verlede Saterdag het Julyan Bruyns na 'n uittel teen Leonard Strydom die April HBA Mug gewen. Hulle het twee houe aan baansyfer afgestaan. Willie Pretorius speel steeds konstante gholf, hy eindig derde met 'n 75 netto.

Volledige inligting oor AP kerk gholfdag sal binnekort aan spelers op groepe gedeel word.

Ruiters maak litte los

Heilbron Ruiterklub se maand ritte is elke keer 'n spesiale geleentheid, en word daar deur lede baie moeite gedoen om seker te maak dat dit elke keer 'n genotvolle ervaring is.

So was dit dan nou weer die geval met die dorpsrit wat Saterdag plaasgevind het. Die rit het onder andere ook Gideon en Anet se plaas oorkruis, waar +- 21 ruiters bederf was met heerlike gemmerbier en paaseiers.

Ruiter en perd het ook die geleentheid gehad om aan die einde van die rit lekker af te koel in die dam by RSA Grain & Seed. Soos gewoonlik is daar na die rit weer lekker saamgekuier rondom die braaivleisvure.

Die volgende rit word op 27 April 2019 deur Faans en Dia aangebied, meer besonderhede oor hierdie rit sal nader aan die tyd deurgegee word.



Op die foto: 'n Pragtige selfie van die gasheer en gasvrou van die rit, Willem en Marilize Lootz.

Frankfort Rugbyklub is lus vir die seisoen

Frankfort moes verlede jaar die knie buig in die finaal, maar dit is 'n nuwe seisoen met nuwe planne, vars bloed en baie gees.

Die manne oefen al 'n paar weke en lyk dit of Frankfort hierdie jaar 'n grote wil maak. Volgens JD Steyn, afrigter en voorsitter van die klub, is die gees reg en die span loop oor van talent. Die eerste been van die Oos-Vrystaat liga skop Vrydag af op Heilbron om 20:00 wanneer Frankfort teen Qwa-Qwa speel by Hoërskool Heilbron se sportvelde.

Fanie van der Merwe se ervaring sal deurslaggewend wees in sy rol as kaptein van die Frankfort span. JD is 'n jong afrigter met vars idees en geesdrif – dit kan ook vanjaar 'n verskil maak. Die wat nog belangstel om saam te kom oefen kan gerus by hulle aansluit, oefeninge is Maandae en Woensdae aande, skakel gerus vir Jaco, die spanbestuurder (0716730745).

Heilbron het ongelukkig nie meer hul eie rugbyklub nie, daarom het talle Heilbron-spelers by die Frankfort-span aangesluit.



Die manne aan stuur van sake vanjaar by Frankfort Rugbyklub vl: Jaco Saaiman (Klubbestuurder), Fanie van der Merwe (Kaptein) en JD Steyn (Voorsitter en Afrigter)



Noord-Vrystaat provinsiale span gereed vir aksie.

Jong spelers maak hul merk

Die afgelope skoolvakansie het 'n groot groep jong rolbalspelers deelgeneem aan die jaarlikse Provinsiale Rolbal toernooi wat vanaf 26 – 29 Maart in Bloemfontein plaasgevind het.

Hierdie toernooi is met groot sukses aangebied waar spelers van o/15 en o/20 bewys het dat rolbal as spel nie meer beskou kan word as “oumens albasters” nie. Suid-Afrikaanse rolbal is verdeel in 20 provinsiale distrikte, die distrikte is ook verder verdeel in sub-distrikte byvoorbeeld Noord-Vrystaat bestaan uit Goudveld, Riemland en Valsrivier. Heilbron, Koppies, Vredefort, Steynsrus en Kroonstad is deel van Valsrivier sub-distrik. Noord Vrystaat se o/15 span het bestaan uit spelers van Kroonstad, Warden en Hennenman. Die jongste speler in die span was slegs 11 jaar oud terwyl die gemiddelde ouderdom van die span net 'n raps meer as 12 jaar was. Ter inligting, 'n span bestaan uit vier spelers met 'n vyfde speler as reserwe.

Met ander woorde 80 spelers jonger as 15 jaar het aan hierdie toernooi deelgeneem. 16 van die 20 distrikte, het aan die toernooi deelgeneem en Noord-Vrystaat se span behaal 'n uitstekende sesde plek.

In ag genome dat Noord-Vrystaat op hierdie stadium slegs 10 spelers jonger as 15 jaar het, is dit 'n besonderse prestasie aangesien hulle moes meeding teen groot distrikte soos Gauteng, Gauteng-Noord, Limpopo en Ekurhuleni. Tans het Noord-Vrystaat tien spelers jonger as 15 jaar, 12 spelers jonger as 20 en 15 spelers jonger as 30 jaar.

Die doelwit van Rolbal Suid-Afrika asook die onderskeie distrikte en klubs is om rolbal as sport te bevorder en aan so veel as moontlik mense bekend te stel. “Bowls for all ages and skill levels”.

Woon gerus die Heilbron Rolbalklub by op Woensdae en Saterdag om 13:30. Vir meer inligting, kontak Gerald Rademeyer, 082 318 3965.

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 9 APRIL 2019

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WOENSDAG - 10 APRIL 2019

HEILBRON : RIEMLAND SAAM TREKSGROEP
461 SAVM skape
11:00, Heilbron gholfklub
Kontak Piet Boshuff 082 210 7136

DONDERDAG - 11 APRIL 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling
Eddie Muller 082 926 2219

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

VRYDAG - 12 APRIL 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHFESTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 016 4958

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bklouwid.co.za



Ons hoor graag van jou

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur jou foto van groot mylpale wat bereik is, in. Ons plaas graag jou foto. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 8523 033. heraldnuus@heilbron.co.za